Augustus 2018

Wêreldekonomie

'n Toenemende verskil in groeiverwagtings tussen die Verenigde State en die Euro-gebied impliseer 'n meer uitdagende omgewing vir SA se ekonomiese herlewing. VS-aandele hou gewoonlik aan om te styg gedurende die Fed se rentekoersverhogings en bereik gewoonlik die toppunt na die laaste koersverhoging of naby die punt waar die opbrengskromme omkeer (korttermynkoerse wat bo langtermynkoerse styg). Verdienste is belangrik vir hierdie stygmark en werklike verdienste hou aan om ramings vir 80% van maatskappye te oorskry. VS-verbruikersvertroue het weer skerp in Augustus gestyg, wat op sterk ekonomiese groei vir die res van 2018 dui. Die S&P 500 Indeks het reeds +8,6% gestyg in 2018. Turkye se verbruikersinflasie het verlede maand vinniger as wat verwag is, versnel, aangesien die vallende geldeenheid pryse verhoog het. Die Indiese roepee het tot 'n nuwe laagtepunt verswak toe 'n afkoop in ontluikende markte se geldeenhede beleggers se fokus op lande met groot tekorte op lopende rekeninge verskerp het.

SA Ekonomie

Die rand het geval direk na StatsSA se aankondiging dat die land se reële bruto binnelandse produk in die tweede kwartaal vanjaar met 0,7% ingekrimp het. SA het in Julie 2018 'n handelstekort van R4,55 miljard aangeteken vergeleke met 'n surplus van R11,89 miljard in Junie 2018, met invoere wat vinniger as uitvoere styg. Die rand het vanjaar reeds meer as 19% gedaal teenoor die VSA dollar. Die seisoenaal aangepaste Absa Koopbestuurdersindeks (KBI) het van 'n stewige 51,5 punte in Julie tot 43,4 in Augustus gedaal – sy laagste vlak wat in 18 maande aangeteken is. Die Suid-Afrikaanse nuwevoertuigmark het in Augustus met 2,5% gedaal, in vergelyking met dieselfde maand verlede jaar. Na 'n teleurstellende lopie die afgelope maande het voertuiguitvoerverkope 7,7% in Augustus gestyg. Die aantal werklose mense het van 6 miljoen to 9,6 miljoen tussen 2001 en 2018 gestyg. Dit is 'n 60%-styging in die breër werkloosheidskoers, wat 'n skrikwekkende uitwerking op ongelykheid en armoede in die land gehad het, het die ekonoom Mike Schussler gedurende 'n aanbieding van Uasa se 17e Suid-Afrikaanse Indiensnemingsverslag (SAER) gesê.

Tendense en geleenthede

- Werklike verdienste het ramings vir 80% van VS-maatskappye oorskry.
- Die groeiende VS-ekonomie sal na verwagting tot minstens die einde van 2018 duur.
- Die SA ekonomie is tans in 'n resessie.

*"Strength lies in differences, not similarities"- **Stephen Covey***

RvD de Kock **PJ de Jongh**